**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**OCTOBER / NOVEMBER 2005**
**OKTOBER / NOVEMBER 2005**

**AFRIKAANS PRIMÊRE TAAL SG**
**(Derde Vraestel: Kreatiewe Skryfwerk, Funksionele Skryfwerk en Literatuurstudie)**

**TYD: 2 uur**

**PUNTE: 80**

---

**INSTRUKSIES:**

- AL DRIE afdelings is VERPLIGTEND.
- Beantwoord EEN vraag uit Afdeling A, TWEE vrae uit Afdeling B en EEN vraag uit Afdeling C, soos aangedui.
- Nommer jou antwoorde presies soos op die vraestel.
- Werk netjies.
- BESIN en BEPLAN deeglik vooraf en benut die volle tydsduur van die vraestel.

---

AFDELING A
**KREATIEWE SKRYFWERK**

**VRAAG 1**

**INSTRUKSIES:**

Jy het gedurende die afgelope jare in Afrikaansonderrig met skryfwerk oor ? wye terrein kennis gemaak. Skryfwerk impliseer nie net skriftelike kommunikasie en die hantering van verskillende skryfstukke nie, maar ook taalvaardigheid en taalgebruik.

- EEN opdrag van 30 punte moet in Afdeling A gedoen word.
- Die lengte van die skryfstuk moet ongeveer 250 – 350 woorde wees.
- Hou by elke opdrag die volgende belangrike skryfbeginsels in gedagte:

  ? Die DOEL wat jy met die skryfstuk wil bereik.
  ? Die TEIKENGROEP op wie die skryfstuk betrekking het.
  ? Die VORM van die skryfstuk.
  ? Die TAAL, STYL en TRANT wat by die skryfstuk pas.
  ? Bepaal jou by die onderwerp.
  ? Hou by die vereiste lengte.

1.1 Jy is vreeslik impulsief en is al dikwels gewaarsku dat jy te oorhaastig besluite neem en dat hierdie eienskap van oorhaastigheid jou nog duur te staan gaan kom. VERTEL van die tyd toe hierdie voorspelling uiteindelik waar geword het. Gebruik die volgende as titel van jou verhaal: **Van haastigheid kom lastigheid!**

**OF**

1.2 Ons land se mense staan wêreldwyd bekend as die reënboognasie juis omdat ons so verskillend ten opsigte van ons kulture, voorkoms en taal is. Skryf ? FEITELIKE stuk waarin jy oor die vele gesigte van ons provinsie / land besin. Jy mag oor verskillende kulture, rasse en tale skryf.

**OF**

1.3 Die mens se gejaag na geld en wêreldsdinge lei dikwels tot hulle ondergang en in sommige gevalle tot erger morele verval soos korrupsie en moord. In hierdie prosesse laat hulle dikwels na om aan belangrike dinge soos hulle gesinne, gesondheid, ouers en dies meer aandag te skenk. Skryf ? skryfstuk waarin jy die saak van rykdom en aardse skatte teenoor liefde, gesondheid en familielewe OPWEEG.

**OF**

1.4 Mense hou daarvan om foto's te neem by verskillende geleenthede soos troues, verjaarsdae, spesiale geleenthede en tydens vakansies. Op hierdie spesifieke dag voel jy uiters verveeld en besluit om jou kas reg te pak. Tydens hierdie gewoelery kom jy op ? ou foto-album af. Skryf ? BESKRYWENDE opstel waarin jy verskillende mense wat op hierdie foto's verskyn, beskryf.

**OF**

1.5 Waaraan dink jy as jy na die volgende prente / illustrasies kyk? Skryf ? skryfstuk oor EEN van die prente en voorsien jou skryfstuk van ? treffende titel. Skryf die nommer van jou keuse ook boaan die skryfstuk neer. Jou skryfstuk kan van enige aard, styl of trant wees. Dit kan byvoorbeeld verhalend, beredenerend of bespiegelend wees. Dit kan ? opstel, verslag, betoog of artikel wees.

1.5.1




**(**Uit**: *The Star*** 16 Julie 2003**)**

**OF**

1.5.2




(Uit: ***The Star***, 27 Augustus 2003)

**OF**

1.5.3




(Uit: ***The Star***, 26 Mei 2003)

(30)

**TOTAAL VIR AFDELING A: [30]**

AFDELING B
**FUNKSIONELE SKRYFWERK**

- TWEE opdragte van 15 punte elk moet in Afdeling B gedoen word.
- EEN opdrag uit Vraag 2 en EEN opdrag uit Vraag 3.

**VRAAG 2**

- Kies EEN van die volgende opdragte om oor te skryf.
- Die lengte van die skryfstukke moet 150 – 200 woorde wees.
- Bepaal jou by die onderwerp.

2.1 Jy ondervind deesdae probleme nie net in jou verhouding met jou ouers nie, maar ook in jou verhouding met jou vriende / vriendinne en / of jou kêrel / meisie. Heeltemal raadop besluit jy om jou trots in jou sak te steek en aan ? hulpkolom te skryf. Skryf ? BRIEF aan so ? hulpkolom waarin jy al jou sorge uitstort en om hulp smeek.

**OF**

2.2 Tydens die verkiesing van studentevoorsitter by julle skool is jy aangewys as een van die kandidate wat voorsitterskap mag kry. Alle kandidate is die geleentheid gebied om een laaste poging aan te wend om stemme te werf. Jy moet ? toespraak lewer oor waarom jy die voorsitterskap moet kry. Skryf jou TOESPRAAK neer.

**OF**

2.3 Hieronder verskyn ? voorbeeld van ? boekresensie. Skryf nou ? resensie oor enige Afrikaanse boek wat jy onlangs gelees het.

Onthou dat die volgende inligting deel van jou resensie moet wees:

- ? treffende opskrif
- ? waardebepaling
- ? aanbeveling




**Mense Is Mense**

*Sterboekprys R50*

Dit is ? bundel dié van opkomende skrywers – die Afrikaanse Skrywersvereniging se eerste publikasie van lede se werk.
Die verhale wissel van vertellinge oor die lot van veronregtes en dié wat stief behandel is deur die lewe, tot diegene wat steeds staande bly. Dit bied soms ? onthutsende blik op die verwordinge van die tyd waarin ons leef, maar ook ? humoristiese blik op die gewoon menslike.
Hier ontmoet ons die mense op die Kaapse Vlakte, in die Kamiesberge en Namakwaland, en dié wat in die skadu's leef. Jy sal lag, dalk skuldig voel, soms ? traan wegpink.
¯ Bestel van LAPA Uitgewers, Posbus 123, Pretoria, 0001.

Uit: ***Vrouekeur***, 16 MEI 2003

**OF**

2.4 ? Kompetisie is landswyd geloods om ? jong skrywer die geleentheid te bied om sy/haar skryfvernuf op die proef te stel. *Sewende Laan*, een van die land se bekendste TV-programme, soek na ? skrywer om die laaste vier episodes te skryf. Deelnemers aan die kompetisie moet slegs ? opsomming van die vier dae neerskryf. Daarna sal vyf finaliste die volle draaiboek vir die vier dae moet skryf. Skryf nou die opsomming wat jy vir die kompetisie gaan stuur neer. (15)

**EN**

**VRAAG 3**

- Kies EEN van die volgende opdragte om oor te skryf.
- Die lengte van die skryfstukke moet 80 – 100 woorde wees.
- Bepaal jou by die onderwerp.

3.1 Jy is die regisseur van EGOLI, ? sepie op televisie. ? Landswye kompetisie is onlangs gehou en dit is jou voorreg om die wenner in kennis te stel van sy/haar prys. Skryf die inhoud van die FAKSNOTA wat jy aan die wenner gaan stuur neer. Meld ook inligting omtrent die prys.

**OF**

3.2 Een van jou vriende/vriendinne het onlangs ? familielid aan die dood afgestaan. Jy weet watter hegte verhouding tussen jou vriend/in en hierdie persoon was en hoe diep hy/sy deur die afsterwe geraak is. Skryf die **inhoud van die kaartjie** wat jy as bemoediging aan jou vriend/in stuur neer.

**OF**

3.3 Julle buurt het onlangs deurgeloop onder talle inbrake. ? Groepie inwoners het bymekaar gekom om hierdie saak te bespreek. Daar is by hierdie geleentheid ooreengekom dat ? buurtwag op die been gebring moet word. Om hierdie poging suksesvol te maak, het julle egter die samewerking van al die inwoners nodig. Skryf die advertensie om die buurtwag aan die gemeenskap bekend te stel, sê ook duidelik wat van hulle verwag word.

(15)

(15x2)= (30)

**TOTAAL VIR AFDELING B: [30]**

AFDELING C

**LITERATUURSTUDIE**

Hierdie afdeling tel 25 punte.
Beantwoord EEN vraag uit hierdie afdeling.
Die vrae handel onderskeidelik oor *BOEKET* (Tony Links e.a.) en *VERLORE PARADYSE* (N.J. Snyman).

*BOEKET* – Tony Links e.a.
Jy het hier ? keuse tussen Vraag 4 of Vraag 5.

**VRAAG 4**

Bestudeer die volgende teksgedeelte en beantwoord dan die vrae wat daarop volg:

Uit: ***BLOED*** (Gerhard Reve)

“O, je bloedt helemaal. Kom hier!” riep het stemmetje. De jongen veegde opnieu zijn lippen schoon, en bekeek zijn hand. Hij deed een paar stappen naar voren, leunde tegen de ladder, en drukte zijn gezicht tegen het koele staal van een der sporten. “Je moet het zelf maar weten,” kirde het stemmetje boven hem. “Je komt hier, of ik zal Vader wat gaan vertellen.

De jongen kom lanzaam de hoge ladder op en ging, boven gekomen, op de vloer zitten, na eerst een stuk gedroogde appel van een van honderden volgeregen lijnen die door de loods gespannen waren, te hebben afgerukt en in zijn mond te hebben gestopt.

“Dat heb je te laten,” zei het meisje. “Ik ga het vertellen”. De jongen zei niets. Het meisje trok nu op haar beurt een half dozijn appelpartjes van een lijn, at één ervan op, en wierp de rest in de diepte. “Ruspen hebben ook bloed,” deelde ze me mede.

“Maar het is groen.

De jongen bleef zwijgen. Op de grote hoogte waarop ze zich bevonden was een lichte bries voelbaar, die soms in de luchtslueven van dak en wanden een ijl gezoem veroorsaakte.

“Hij vindt je altijd meteen,” vervolgde het meisje. “Omdat je te stom bent om je te verstoppen. Vader zegt er zit niets in zijn hoofd en alles moet ik zelf inslaan. Hij zegt: Allen kan geen woord van een ander woord onderscheiden. Dat zegt hij.“0”

De jongen likte aan zijn lippen, maar bewoog zijn hoofd niet. Het viel niet te zeggen of het gesprokene tot hem was doorgedrongen. Zijn blik bleef onbeweeglijk voor hem uit gericht.

> Het bouwsel waarop ze zich bevonden was veel hoger dan de stalen ook dan het woonhuis, dat grotenedeels achter het staldak schuil ging. Voor hen lag een wijd vergezicht over met rotsmuurtjes gemarkeerde fruittuinen, de bijna geheel droge, rode rivierbedding en, voorbij de rivier, de hoge boompartijen, blauwachtig door stof of warmtenevels, die het dorp omzoomden en alleen de bovenste trans van de kerktoren zichtbaar lieten. Van de huizen was nergens ook maar een steen of dakpan te zien. Ook de dikke, hoge muur die bij de weg begon en het kerkhof omgaf waar zijn ouders begraven lagen, bleef, hoe scherp de jongen ook tuurde, onzichtbaar voor zijn blik. Hij slikte de fijngekauwde appel door en begon met zijn nagels de hard geworden, donkere korst rond zijn neus los te krabben.

4.1 Wie is dit wat bloei (r. 1) en waarom bloei die persoon? (2)

4.2 Aan wie behoort die "stemmetje" (r. 1)? (1)

4.3 Is die stemmetjie werklik besorg oor die bloeiende persoon? Motiveer jou standpunt. (2)

4.4 Wat bedoel die stemmetjie met: "Dat heb je te laten." (r. 9)? (1)

4.5 Wat krap Allen met sy naels af in r. 30? (1)

4.6 Gee ? bewys uit r. 28-29 dat Allen ? weeskind is. (1)

4.7 Allen is ? alleenmens en koester sy wang teen die koue staal van die leer (r. 3). Watter belangrike "guns" gaan die leer later in die verhaal vir hom doen? (1)

4.8 Allen en sy stiefpa word met "diere" in verband gebring. Sê baie kortliks met watter diersoort elkeen onderskeidelik vergelyk word. (2)

4.9 Wat veroorsaak dat Allen nie alles so duidelik kan sien nie (r. 26 – 27)? (1)

**EN**

***HANDEL*** – Maarten 'T Hart

> Twintig minuten later wandel ik door de Damstraat naar het huis van mijn oom. Aan de kozijnen van die ramen hangen ijspegels en de waterpunt op het erf van het huis van oom Adriaan kan niet gebruikt worden. De put staat midden op het erf, tussen de drie schuren van het bedrijf van oom Adriaan. Aan de straatzijde staat een van de schuren en het woonhuis. In die schuur heeft oom Adriaan glazen deuren laten aanbrengen. Boven de deuren hangt een bord waarop met zwarte letters staat:
>
> TOONZAAL VAN A. KAPEL
>
> In de toonzaal bevinden zich de gerepareerdeen van nieuwe houten kasten voorziene harmoniums. Aan de andere zijde van het erf zijn twee zwart geteerde houten schuren, die naast elkaar zijn gebouwd. Bovendien is er een afdak naast één van de schuren. Eén van de schuren is de werkplaats van oom Adriaan, er is een doorgeefluik naar de ruimte onder het afdak waar het hout van de kasten van gesloopte harmoniums

word bewaard. In de andere schuur staan de ingekochte maar nog niet van nieuwe kasten voorziene harmoniums. In de werkplaats van oom Adriaan is ook nog een opklapbare biljarttafel voor als de zaken slecht gaan maar dat is nu toe nog nooit het geval geweest in de orgelhandel. Alleen op zaterdagmiddag wordt de biljarttafel uitgeklapt en spelen oom Adriaan en zijn zoons een complete competitie. Nadat ik naar het ijs in die waterput gekeken heb ga ik naar de toonzaal. Oom Adriaan is nog in huis, ik kan nog even op de vliering gaan kijken. Via een wankele ladder in de zaal klim ik omhoog naar de vliering. In het kille schemerduister ontstaat enige beweging.

4.10 Wat is oom Adriaan se van? (1)

4.11 Hoe gebeur dit dat die jong seun die oggend op pad is na sy oom se huis? (1)

4.12 Wat is ? "toonzaal" (r. 37)? (1)

4.13 Die seun het oom Adriaan gaan help met die oog daarop om "betaling" te kry. Op watter soort betaling het hy heel waarskynlik gereken? (1)

4.14 Wat is ? biljarttafel (r. 45)? (1)

4.15 Ons lees nêrens dat die oom se seuns hom in dieselfde opsig help as die verteller nie. Oor watter kwaliteit beskik die verteller waaroor die oom se seuns waarskynlik nie beskik nie? (1)

4.16 Waaruit kan jy aflei dat oom Adriaan baie suinig is? (1)

4.17 Wat dink jy van volwassenes wat kinders uitbuit soos in die geval van oom Adriaan en die verteller? (1)

**[20]**

**OF**

**VRAAG 5**

***EEN HEER IN DE TREIN*** – Simon Carmiggelt

5.1 Die leser leer al lesende twee karakters ken: die heer en die verteller. Beskryf hierdie twee karakters in ? opstel van 300-400 woorde en gee veral aandag aan die volgende aspekte:

- Verduidelik hoe die verteller en die meneer van mekaar verskil; uiterlik (hulle voorkoms) maar ook wat hulle persoonlikhede betref.
- Watter drie komiese situasies kom in die verhaal voor?
- Gestel jy was die verteller. Sou jy presies net so opgetree het, of sou jy anders opgetree het? Motiveer jou standpunt.
- Wat het jy as jong leser uit die verhaal geleer? **[20]**

**OF**

***VERLORE PARADYSE*** – (N.J. Snyman)

Jy het hier ? keuse tussen Vraag 6 en Vraag 7.

**VRAAG 6**

Bestudeer die volgende teksgedeelte en beantwoord die vrae wat gestel is:

***DIE INVLOED*** – Pirow Bekker

> Hy het regopper gekom. “Dit sal ek doen!”
>
> Sy het opgekyk. Haar hande was stil. “Jy besef dat die rivier afgekom het. Dat die invloed vol haaie is.”
>
> “Ek sal hom deurswem. En terug ook!” Hy het sy klere begin afstroop. Naderhand staan hy net in sy onderklere daar. Maar toe vaar iets in hom en hy stroop dié ook af. Soos hy in die wêreld gekom het, staan hy daar in die lamplig.
>
> Milla het haar gesig weggedraai. Maar die vrou het die uitdaging aanvaar. Sy het haar hand diep in die skottel gesteek. Toe sy hom uithaal, het die bloed van haar vingers gedrup.

6.1 Skryf ? sin uit r. 4 neer wat Wenning se optimisme verraai. (1)

6.2 Wie is die vrou in r. 7? (1)

6.3 Waarom kan ? mens aan die einde van die verhaal sê dat Hilda Sewes “bloed aan haar hande” het? (1)

6.4 Gee ? rede waarom Milla haar gesig wegdraai (r. 7). (1)

6.5 Waarna verwys die hom in r. 4? (1)

***Terugkeer van ? soldaat*** **– Dolf van Niekerk**

> “Vanmiddag is hy by die huis,” sê sy vir die hoenderhok.
>
> Ek kan nie langer stilbly nie. Ek gaan tot by haar:
>
> “Ma, die telegram - onthou die telegram!”
>
> Sy glimlag en streel die geroeste yster van die ou handpomp.
>
> “Hier gaan jy vanmiddag vir ons vars water tap,” sê sy.
>
> Ek praat by haar oë in: “Ma, die man in uniform – die boodskapper. As Ma hom vergeet het – onthou dan die papiere wat hy Ma gegee het. Dis papiere wat uit die sak van ’n soldaat. . . “ Sy buk en tel ’n doos op. Dis vol harde modder. Sy vat ’n stokkie en krap die modder af.
>
> “*Slaap maar, Caroolsie*,
> *die vee is in die kraal*. . . “
>
> “Ma, wat het Ma met die papiere gemaak? Onthou Ma nie wat hulle geskryf het nie? Waarom het Ma die papiere verbrand, Ma?”

6.6 Wat is so dwaas in r. 10? (1)

6.7 Die verteller “gaan tot by haar” in r. 11. Is hierdie handeling letterlik of figuurlik? (1)

6.8 Watter woord in r. 13 verraai dat die moeder nie die verteller se woorde in r. 12 hoor of verstaan nie? (1)

6.9 Gee TWEE redes waarom die voorspelling in r. 14 nie kan waar word nie. (2)

6.10 Hoeveel Woensdae wag die moeder nou al vir haar seun? (1)

6.11 Waarom is die verteller se pogings om met die vrou te praat ironies? (1)

6.12 Lees weer die wiegeliedjie in r. 19-20. Wat is die soldaat se regte naam? (1)

6.13 Die vrou het tot nou toe geen boodskap oor haar seun begryp of ter harte geneem nie. Watter daad in r. 22 beklemtoon die feit dat sy die boodskappe verwerp? (1)

***SLAAPTYDSTORIE*** – Chris Barnard

> Maar dié erkentenis was geen troos nie, eerder 'n nuwe bron van bekommernis, 'n genadelose belydenis van my eie onvermoë. En toe ek later slaap, het ek gedroom Pa klop aan die voordeur en ek bekruip vir Ouboet terwyl hy slaap en slaan hom met 'n skerp klip teen die kop, en slaan en slaan hom, meedoënloos, totdat die bloed uit sy oë stroom. Maar hy word wakker en gryp my aan die keel en lag en wurg my en dwing my om die storie te vertel terwyl Pa staan en luister.

6.14 Die verteller vrees TWEE mense. Wie is dit? (2)

6.15 In r. 27 lees ons dat Ouboet die verteller in 'n droom aan die keel gryp. By watter ander geleentheid het Ouboet die verteller aangerand? (1)

6.16 Die verteller se pa en ma is heeltemal anders as wat hy vir Ouboet voorgee hulle is. Hoe was die ouers werklik? (2)

6.17 Sou die verteller die waarheid oor hulle ouers kon vertel sonder om aangerand te word? Sê net ja of nee. (1)

**[20]**

**OF**

**VRAAG 7**

***DIE SKERPIOENE*** – Paul C Venter

Skryf ? opstel van 300 – 400 woorde oor Frannie en gee veral aandag aan die volgende aspekte:

- Frannie haat die Weskus.
- Frannie se pa beskuldig hom van iets.
- Frannie probeer sy pa verkeerd bewys.
- Waarom, dink jy oortree Frannie se pa aan die einde saam met hom die wet? (20)

**TOTAAL VIR AFDELING C: [20]**

**TOTAAL: 80**

**EINDE**